



IN GESPREK MET ANTON ESTERHUYSE

HATTINGH DAVEL

Hoe het jou loopbaan as musikant begin?

Die musiek was al van kleins af in my. As kind het ek altyd geluister wanneer my suster klavier geoefen het. Die klanke het my gefassineer en gevolglik het my gehoor baie vinniger as my bladlees ontwikkel. Ek het self begin om bekende liedere op die klavier uit te werk en later deur middel van improvisasie my eie stempel daarop afgedruk. Terwyl ek na opnames geluister het, het ek ook mettertyd begin oplet na wat die instrumente in die agtergrond doen en dit is waar my passie vir verwerking begin het. Ek het al in die laerskool geweet ek wil verwerker word. Na skool het ek my BMus by die Universiteit van die Vrystaat voltooi asook diploma in ligte musiek by die Technikon Pretoria. Al was ek van kleins af baie lief vir klassieke musiek, het my eintlike passie by kontemporêre musiek gelê en dit is waarin ek die meeste van my werk doen.

Waarmee hou jy jouself nou besig?

Ek is tans die musikleier by die NG Gemeente Universitas en doen op weeklikse basis verwerkings vir die groep wat in die dienste speel; as vryskutverwerker doen ek gereeld verwerkings vir skole, feeste en produksies. Ek werk ook aan solo-loopbaan en geniet dit baie om by verskillende projekte betrokke te wees. Daarby probeer ek so veelsydig as moontlik wees – speel klavier, fluit, panfluit en orrel. Ek was baie bevoorreg dat die jazz-meester, Noel Stockton, vanjaar vir my 'n werk, *Lament* vir fluit en strykers, wat ek saam met die Odeion Sinfonia uitgevoer het, gekomponeer het. Ek tree gereeld as musiekregisseur vir verskeie produksies op. Die meeste van my tyd en energie spandeer ek egter aan verwerkings.

Hoe benader jy jou verwerkings?

Dit is moeilik om vaste metode te beskryf. Elke werk is uniek en verg verskillende benaderings. Ek probeer kreatief wees en gebruik hoofsaaklik my gehoor om te bepaal hoe ek sekere klankkleur wil uitbeeld. Dit is waar die element van improvisasie ook belangrik is. Eerder as om by die klavier te sit en dit uit te werk, is ek geneig om dikwels met idee in my kop rond te loop, dit daar te ontwikkel, uit te redeneer en uiteen te sit. Wat liturgiese musiek betref is dit vir my belangrik om uiting aan die teks te gee. Daar is verskillende style om sekere atmosfeer te skep – die atmosfeer moet die teks ondersteun. Ek bepaal ook wat die sentrale gedagte van die lied is, of dit byvoorbeeld loflied of aanbiddingslied is en besluit daarvolgens hoe om dit te benader. Ook die instrumentale besetting is belangrik, want verskillende instrumente skep ook verskillende atmosfeer en moenie teenstrydig met die teks wees nie.

Met sekulêre musiek is ek geneig om meer te eksperimenteer. Jy kan die styl van die lied

heeltemal verander en vryer hanteer. Ek dink die woorde is soms ondergeskik aan die musiek of selfs aan die gevoel van die musiek en daarom probeer ek dit kreatief benader.

Jy praat van die instrumentale besetting. Verkies jy om vir spesifieke instrumente te verwerk en dink jy dit is belangrik om familiêr met die tegnieke en moontlikhede van elke instrument te wees?

Ek vind baie vreugde daarin om vir orkesinstrumente te verwerk, veral vir strykinstrumente soos viool en tjello. Ek hoor maklik melodieë en lyne wat baie goed vir dié instrumente werk. Tot my groot spyt kan ek nie self strykinstrument speel nie. Dit is baie belangrik om vertrouwd te wees met die moontlikhede van elke instrument, want hoe beter jy instrument ken, hoe beter kan jy daarvoor skryf. Soms raadpleeg ek die spelers om te bepaal wat vir hulle speelbaar is of ek gebruik voorbeelde van 'lopies' uit ander werke.

Komponeer jy ook?

Ek komponeer nie so baie soos wat ek verwerkings doen nie. Met komposisie moet mens in oefening bly, want dit is moeilik om elke keer van voor af iets te doen. Ek komponeer gewoonlik op aanvraag.

Wat het jy al gekomponeer?

Ek het onlangs vir die Universiteit van die Vrystaat *Fanfare* gekomponeer wat die huidige beeld van die Universiteit moes reflekteer. Die *Fanfare* word vir die akademiese proses tydens gradeplegtighede gespeel. Dit was lekker uitdaging, juis omdat die kombinasie van die instrumente baie interessant was. Dit sluit orrel, koperblasers en keteltromme, asook Afrika-tromme, in. In 2011 en 2012 het ek ook vir die ATKV komposisies gedoen vir gebruik as voorgeskrewe werke vir hoërskoolkore. Daarvoor het ek self die teks geskryf – ook lekker uitdaging. Omdat ek nie op gereelde basis komponeer nie is dit nogal baie bevredigend as ek wel iets komponeer wat werk. Hoogtepunt wat my komposisies betref was my eerste simfoniese popkonsert wat ek in my 4de jaar, aan die einde van my BMus, aangebied het. Vir dié geleentheid het ek rock-concerto geskryf vir orkes en klavier. Dit is baie goed deur die publiek ontvang. Ek het ook werk vir orrel, klavier en 4 keteltromme gekomponeer, wat by die Vryfees in 2012 uitgevoer is.

Enige hoogtepunte as verwerker? Het jy spesifieke styl?

Daar is eintlik hele paar hoogtepunte. Die enkeles wat ek sal uitsonder is waarskynlik om met groot name soos Coenie de Villiers, Lize Beekman, Nianell, Mathys Roets, Rina Hugo en Lucas Maree te kon saamwerk. Die grootse produksie wat ek al tot dusver aangepak het, was seker *Coenie en Lucas in Simfonie*, waar hierdie twee kunstenaars saam met orkes van so 50 lede hulle grootste treffers uitgevoer het. Ek het al die verwerkings daarvoor gedoen en ook die orkes gedirigeer. Dit was heerlike uitdaging en ervaring gewees, juis omdat dit musiek was wat baie tot my spreek het. Ek doen ook jaarliks vir die Grey-koorfees paar verwerkings. Ander hoogtepunte sluit ook Kerssangdienste en Pinksterlofdienste, wat ons al by ons gemeente gedoen het, in.

Ek dink elke persoon het sy eie unieke styl. Ek weet ek het altyd spesifieke eindes en passasies wat ek gebruik. Ek het ook sekere klankkleure en teksture wat ek gereeld gebruik. Dit maak dit makliker vir die musikante waarmee ek gereeld werk om dit vinnig aan te leer en te speel. Hulle

kan al van die spesifieke elemente in my verwerking antisipeer. Ek is die gemaklikste in die kontemporêre styl en ek hou baie daarvan om klassieke musiekelemente met rock-elemente te integreer. Ek het grootgeword met die *Hooked on Classics*-plate (waar klassieke musiek met popritmes vermeng is) en dis waar hierdie liefde vir versmelting van verskillende style begin het.

Vertel ons meer van die bundel waarmee jy tans besig is.

Die bundel bestaan uit 30 diskante vir verskillende instrumente wat jy net so kan gebruik saam met die Liedboek. Die diskante is gebaseer op die harmonisasies wat in die Liedboek Begeleiersboek voorkom en dit kan deur verskeie instrumente gespeel word. Wat in die bundel voorkom is die diskant en die liednommer waarby dit kom. Ek het spesifiek gekyk na liedere wat nie alreeds diskante by het nie. Ek beoog om dit of einde 2012 of vroeg 2013 bekend te stel.

Vertel ons meer van die lied wat in hierdie Musiekleier geplaas word.

Ek het vermenging van twee liedere gedoen, naamlik Lied 275 in die Liedboek (*O God van Jakob*) en FLAM 5 (*Daar is geen grens*). Ek probeer daarmee wys hoe mens vindingryk te werk kan gaan om twee liedere, wat min of meer dieselfde kerngedagte het, saam te voeg tot eenheid. (Ons doen dikwels in ons gemeente aaneenvlegting van liedere wat uit Liedboek, FLAM en ander liedere bestaan). Hierin word die orrelis uitgedaag om meer kontemporêr te dink (ook as gevolg van die kontemporêre benadering ten opsigte van die harmonieë). Samespel word aangemoedig deurdat instrumentale party bygevoeg is. Diskant uit my bundel wat binnekort vrygestel word, verskyn ook in hierdie uitgawe.

Wat beteken dit vir jou om as verwerker betrokke te wees by die liturgie?

Ons het elke week liturgiese werkgroep waar ons die liturgie vir die Sondag bespreek. Die omgang met die teks is vir my baie stimulerend. Jy leer nogal baie, en kom tot nuwe insigte. Jou geloof word soms uitgedaag en dit lei weer tot die verdieping van jou geloof. Dit is altyd aangename uitdaging om te sien hoe ek die musiek deur die diens kan laat vleg om aan te pas by die teks en die tema.

Kan jy bietjie uitbrei oor hoe jy dink kerkmusiek kan ontwikkel asook die rol wat die orrel speel?

Kerkmusiek is voortdurend aan die ontwikkel, veral nou met die bydraes van VONKK en FLAM. Die digitale revolusie het ons in aanraking gebring met kerkmusiek van regoor die wêreld en daar is moontlikheid dat ons binnekort tipe globale kern van lof- en aanbiddingsmusiek gaan hê waaruit die verskillende vertakkinge van styl en kulturele idioom gaan vloei. Wat verblydend is, is die wedersydse begrip en samewerking wat daar deesdae tussen orreliste en *bands* bestaan. Dit waarvan ek gedroom het - naamlik dat daar nie meer onderskeid getref word tussen die orrel en die *band* nie, maar dat dit gaan om begeleiding wat in diens staan van die lied en teks en dat die gemeente nie eens meer agterkom watter instrument/e speel nie, maar slegs bewus is van gemaklike, spontane lofprijsing en aanbidding - is reeds besig om te gebeur. Op die platteland is daar nog baie werk nodig. Omdat baie van die gemeentes hier nie oor die gewenste infrastruktuur beskik nie (veral wat musikante en opgeleide orreliste betref), is meer werksessies nodig.

Baie van die musiek wat vandag in die kerk gesing word, word beïnvloed deur en is soms

direkte uitvloeisels van die gospel-mark. Hoewel daar heelwat goeie musiek uit hierdie mark kom, het daar ook kommersiële vervlakking ingetree en is baie liedere amper nie onderskeibaar van kommersiële sekulêre musiek nie. Ek het broertjie dood aan melodieë wat deel van sekulêre treffers is en dan geestelike woorde kry. Ons mag nooit toelaat dat ons kerkmusiek verwêreld en nie meer eiesoortige karakter behou nie.

Ek sal graag wil sien dat ons nog meer psalms sing, juis omdat dit so menslik eerlik is. Wyle Driekie Jankowitz het by VONKK onmisbare bydrae gelewer met haar kortvorm-psalms.

Die orrel bly vir my kerninstrument in gemeentesang en steeds een van die veelsydigste instrumente vir daardie doel. Jy het die harmonieë, verskillende klankkleure en duidelike baslyn wat die lied maklik maak om te volg. Jy het instrument wat tegelykertyd solisties en orkestraal kan funksioneer. Wat meer het mens eintlik nodig? Ja, hedendaagse musiek werk beter met band (want dit is daarvoor geskryf), maar korale en gesange met orrelbegeleiding breek steeds deur al die musiekgrense as tydlose, Skrifgetroue getuïenisse van ons verhouding met die Vader, Seun en Heilige Gees. Kontemporêre kerkmusiek, nes sy sekulêre eweknie, verander met die tye en wat vyf jaar gelede gereeld in die kerk gesing is, is dalk intussen vervang deur iets wat nou gewild is, maar daar word altyd teruggekeer na die ou staatmakers wat ons van ons kinderdae af ken.

Slotwoord van jou af?

Ons leef in opwindende en uitdagende tyd. Opwindend omdat ons elke dag deur middel van globale kommunikasie die wêreld in al sy kleurvolle fasette kan beleef, maar ook uitdagend omdat ons getrou aan onself en ons geloof moet bly te midde van soveel sienswyses en argumente. Ons het nou meer nodig as ooit om die kerk sy profetiese stem te laat hoor, ook deur middel van ons musiek. Ons moet nooit die krag van musiek onderskat nie, maar dan moet dit altyd stylvol gedoen word. Wanneer jy *heavy metal*-lied begelei, moet dit in egte *heavy metal*-styl geskied. Jy kan dit nie op klassieke manier begelei nie, en andersom. Dit moet oortuig. Leer soveel as wat jy kan. Dit help dat die brein nie verroes nie. Moenie bang wees om jouself uit te daag nie, maar ken ook jou beperkinge. Doen altyd dit wat jy kan doen, na die beste van jou vermoë. Dit op sigself is getuigskrif van jou dankbaarheid teenoor die Skepper vir die gawes wat jy ontvang het.